higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

(8011002)

18 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 In 'n demokrasie kies die regering die leiers in 'n verkiesings.

1.2 Die doel van die oppergesag van die reg is om die basiese regte van elke individu te beskerm.

1.3 Universele volwasse stemreg beteken alle burgers bo die ouderdom van 20 jaar het die reg om in nasionale verkiesings te stem, ongeag hul ras, geslag, oortuigings, intelligensie, ekonomiese status of sosiale status.

1.4 Weens die enorme lewensverlies tydens die Tweede Wêreldoorlog is die Verenigde Nasies Universele Menseregteverklaring in 1948 onderteken om 'n algemene begrip te verskaf van wat elkeen se regte behels.

1.5 Inklusiwiteit beteken dat die regering die behoeftes en sienings van alle Suid-Afrikaners in ag moet neem wanneer planne ontwikkel en uitgevoer word, of wanneer wetgewing opgestel word.

1.6 Interregeringsbetrekkinge verwys na die verhoudings tussen verskillende staatsdepartemente en instellings in een land.

1.7 In 'n referendum stem mense ten einde 'n besluit oor 'n bepaalde onderwerp te neem, in plaas daarvan om vir 'n persoon te stem.

1.8 Die Konstitusionele Hof is nie verantwoordelik vir die beregting van sake waar staatsdepartemente oor hul rolle en funksies verskil nie.

1.9 Die Wet op Verbod van Politieke Inmenging van 1968 het gepoog om rassegroepe daarvan te weerhou om met mekaar saam te werk om politieke oogmerke te bereik.

1.10 Die tweede regeringsbeen, die regsprekende gesag, bestaan uit 'n aantal howe.

(10 × 1) (10)

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Handves van Regte; Grondwet; menseregte; howe; konvensie; Algemene Regswysigingswet van 1963; Vryheidsmanifes; groepsregte; Wet op Stedelike Gebiede van 1923; 27 April 1994; Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens; 4 September 2018; 25 Maart 2017; derdegraadse regte

2.1 Die ... het residensiële skeiding bekendgestel en goedkoop arbeid vir die nywerheidswese, wat deur wit mense gelei is, verskaf.

2.2 'n ... is 'n groot, formele vergadering van mense wat dieselfde belangstelling het.

2.3 Die Suid-Afrikaanse parlement het die tussentydse of tradisionele Grondwet vir die oorgangsperiode aanvaar, wat op ... in werking getree het.

2.4 Geen wet in Suid-Afrika is belangriker as die ... nie.

2.5 ... verwys na daardie regte wat alle menslike wesens deel.

2.6 Die ... is deel van die lang geskiedenis van stryd teen rassistiese wette en vir die bereiking van demokrasie in Suid-Afrika.

2.7 Die staat, parlement en ... moet verseker dat wat hulle ook al doen, nie strydig met die Grondwet is nie.

2.8 Een van die belangrikste eerstegenerasieregte in die ... is die reg op gelykheid.

2.9 Die ... het 'n polisiebeampte in staat gestel om sonder 'n lasbrief 'n persoon wat van 'n politiek gemotiveerde misdaad verdink is, tot 90 dae aan te hou, sonder toegang tot 'n prokureur.

2.10 ..., ook bekend as kollektiewe regte, is regte wat deur 'n groep eerder as deur sy lede afsonderlik gehou word.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n woord/item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Dit is mense wat die bevoegdheid ontvang om te regeer	A	spesiale howe
3.2	Dit is 'n proses van besluitneming en die implementering van besluite	B	regstaat
3.3	Dit is 'n kernelement van die Grondwet	C	regering
3.4	Dit is 'n land waarin die gesag van die staat in 'n grondwet beskryf word, en waar die gesag van die staat ook deur die grondwet beperk word	D	staatsbestuur
3.5	Dit vestig 'n aantal strukture wat verseker dat die staat sy werk behoorlik uitvoer en dat ons regte en vryhede beskerm word	E	grondwet
3.6	Hy of sy moet die Grondwet as die hoogste reg van Suid-Afrika handhaaf, verdedig en respekteer	F	burgemeester
3.7	Hy/Sy is die hoof van die uitvoerende gesag in die plaaslike regeringsfeer	G	menswaardigheid
3.8	Dit is 'n spesiale instelling wat inspekteer hoe alle staatsdepartemente die belastingbetaler se geld bestee. Hierdie inspeksie word jaarliks uitgevoer	H	tradisionele howe
3.9	Hierdie howe sluit in arbeidshowe, verkiesingshowe en belastinghowe	I	president
3.10	Hierdie howe word nie toegelaat om enige ernstige regsaangeleenthede te hanteer nie	J	ouditeur-generaal

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem die verskillende howe waaruit die hofstelsel in Suid-Afrika bestaan. (7)

4.2 Noem DRIE voorbeelde van enkele terreine wat die parlement deur middel van wetgewing kan beheer. (3)

4.3 Beskryf die kernkonsepte wat met die wetgewende gesag en wetgewing verband hou. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

TSHWANE-WOONGEBIEDE BRAND!

Woedende inwoners blokkeer paaie

Woedende inwoners het leerlinge belet om skool toe te gaan, 'n inkopiesentrum is gesluit en paaie is versper met brandende buitebande, takke en klippe. Die betogings in Mabopane, Winterveld en GaRankuwa in Tshwane het byna die woongebiede tot stilstand laat kom. In sommige gebiede is pendelaars gestrand gelaat nadat betogers taxi's gestop het en die ondersteuning van mense op pad na hul werk geëis het. Die inwoners het gesê dat hulle ongelukkig was oor die Tshwane Munisipale Raad se beslissing van 27 Oktober verlede jaar. Volgens hulle het die munisipaliteit hulle nie geraadpleeg oor die nuwe faktureringstelsel en sluiting van die Sandspruit Works-assosiasie wat water, sanitasie en verwante dienste verskaf het nie.

Inwoners het gesê hulle het na Tshwane-huis opgeruk, die Departement van Samewerkende Regering en die premier se kantoor besoek, maar geen resultate behaal nie. Tshepo Chauke, een van die protesleiers, het gesê: 'Hulle moet hierheen kom en na ons eise luister.' Die inwoners beweer dat hulle waterrekeninge hoog was, terwyl hul watermeters stukkend is en boonop lek. Hulle was ook kwaad oor rioolwater in die strate. Volgens woordvoerder Lindela Mashigo was twee kontrakteurs op die toneel om stukkende rioolpype te vervang.

Deur KGalalelo Tlhoaele

(*Daily Sun*)

5.1 Het die gemeenskap die reg om oor water, sanitasie en verwante dienste te betoog? Staaf jou antwoord. (3)

5.2 Bespreek die omgewing as 'n mensereg. (3)

5.3 Bespreek *aanspreeklikheid*. (8)

5.4 Bespreek *deursigtigheid.* (3)

5.5 Verduidelik die volgende menseregte:

5.5.1 Gesondheidsorg

5.5.2 Voedsel

5.5.3 Water en maatskaplike sekerheid

(3 × 2) (6)

5.6 5.6.1 Kan die polisie die mense in hegtenis neem wat die pad gesluit het? (1)

5.6.2 Noem die sake wat as gevolg van protesoptogte aanhangig gemaak kan word. (3)

5.7 Verduidelik *maatskaplike regte*. (3)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die verskil tussen *grondwetlike*, *strafregtelike* en *siviele* aangeleenthede. (15)

6.2 Bespreek 'n munisipaliteit se verantwoordelikheid. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou